

PREEKSKETS: JOHANNES 6: 1 – 14 + 26 – 29

Jesus maak die menigte versadig en dan bly daar 'n oorvloed van kos oor. Hy maak ons nie net vry van sonde nie, Hy gee ook aan ons die lewe in oorvloed.

As 'n menigte honger mense voor Jesus sit, voed Hy hulle met net vyf brode en twee vissies, want ons lees: **“NADAT DIE MENSE VERSADIG WAS, sê Hy vir sy dissipels: “Maak die stukke bymekaar wat oorgebly het sodat daar niks verlore gaan nie.”** (vers 12). Van 'n posisie van *“nie eers genoeg”* in vers 7, beweeg ons na vers 12 waar *“die mense versadig was”* **EN** daar was nog twaalf mandjies brood oor.

Jesus dank die Vader vir wat Hy het, en dan deel Hy in oorvloed uit. In plaas daarvan om te kla wat Hy nie het nie, erken Jesus vir God as die Bron van alles wat goed is en van alles wat ek en jy nodig het om van te lewe EN Hy doen dit met 'n hart vol dankbaarheid.

Dit waarna elke hart smag... honger... dors... gee God in sy eindlose goedheid en liefde vir ons in oorvloed. Nou moet ons twee dinge mooi onthou: As die Bybel praat van...

- ... **brood**, gaan dit nie oor die brood wat ons by die bakkerij koop nie, maar oor ALLES wat ons nodig het om aan die lewe te bly sodat ons voluit vir God kan lewe;
- ...**lewe**, gaan dit nie oor “asem in en asem uit nie”, dit gaan oor lewe in die volste sin moontlik. Dit gaan oor om nou betekenisvol saam met God te lewe en om verby die graf nogsteeds vir ewig saam met Hom te lewe.

Christus is die Verlosser deur God aan ons gegee, om ons diepste hongerte te stil. Hy is ALLES wat ek/jy nodig het om oorvloedig te lewe. Om vandag met hom versadig te word, beteken NIE dat ons vir Jesus moet soek en misbruik om nou net in al ons oppervlakkige behoeftes te voorsien nie.

Wil jy vol word, tot oorlopens toe versadig word met Christus? Toe die mense daar by die see van Galilea vir Jesus gevra het *“Wat moet ons doen om te doen wat God van ons verlang”*, was Jesus se antwoord: *“Wat God van julle verlang, is dat julle moet glo in Hom wat Hy gestuur het”...*

Hoor julle die goeie nuus! Ek en jy hoef nie 'n berg te gaan skuif of iets moeiliks te gaan doen nie. Ook kort ons nie 'n sent of enige iets om die Brood van die lewe te koop nie. Al wat nodig is: Vat Jesus op sy woord en GLO dat Hy is wie Hy sê Hy is; Glo dat Jesus die gekruisigde is, my Here wat uit die dood uit opgestaan het en dat Hy my nou alreeds deur sy Gees uit die dood uit opwek tot 'n lewe... tot 'n NUWE LEWE in oorfloed wat verby die graf gaan en wat God verheerlik.

Geloof in Christus is 'n geskenk van die Heilige Gees. Daarom is dit iets waarvoor ek kan bid. Ek kan bid vir meer en meer vol word van die Heilige Gees; ... meer en meer versadig word met die Brood van die lewe, Jesus Christus!

VIR VERDERE OORDENKING IN ONTDEKSGROEPE

1. Lees Johannes 6:22-40 en oordink wat die woorde van Jesus: "*Ek is die brood wat lewe gee*" (vers 35). Wat leer ons van Jesus in hierdie gedeelte?
2. Wat beteken dit vir jou EN watter veranderings moet jy in jou lewe maak op grond van dit wat jy nou van Jesus weet?



NB: Alle HOËRSKOOL kinders: Die Riviertoe is weer op die water vir die jaar. Boek die 27ste November tot 1 Desember. Moet dit nie misloop nie. Al daag jy net op vir al die etes dan is dit die moeite werd. Hou die spatie dop vir verdere inligting.



Drie aanhalings van JC Ryle

Die hart wat die genade van Christus geproe het, sal instinktief die sonde haat.

Gebed en sonde sal nooit in dieselfde hart kan voort bestaan nie. Gebed sal sonde vernietig of sonde sal jou gebed versmoor.

God is baie meer bereid om sondaars te vergewe, as wat sondaars bereid is om verlos te word.